

Saterdag 22 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Samuel 25:23–34 (NAV)

Fokusgedeelte: 1 Samuel 25:32, 33

Nabal – Leef die vreugde van God!

Ontmoet vir Nabal. Sy naam beteken “dwaas”. Hy is verteenwoordigend van die boosheid. Ons hoor dit in sy reaksie op Dawid se billike versoek vir iets om te eet en te drink, as hy Dawid vergelyk met ’n wegloopslaaf wat nou moet bedel om te oorleef. Dawid is aan die vlug voor Saul, in moeilike omstandighede. Die laaste waarvoor hy nou krag het, is iemand wat hom beledig. “Gord aan julle swaarde!” roep hy sy manskappe bymekaar, vas van plan om Nabal se lewe te beëindig. Dawid wil boosheid met boosheid beveg.

Dan tree Abigajil, Nabal se verstandige vrou, tussenbeide. Haar naam beteken “God gee vreugde”. Sy bring Dawid tot besinning, laat hom dink. Het hy nie ’n rukkie tevore die geleentheid gehad om die versoeking te weerstaan om Saul om die lewe te bring nie? Toe was sy eie woorde aan Saul: “Die Here sal regter wees en Hy sal regsprek tussen ons” (24:16).

Nou kos dit ’n Abigajil om vir hom te kom sê: “Dit is die Here wat my gestuur het om u te keer om die reg in eie hande te neem, laat die oordeel aan die Here oor.” Dawid, laat die vreugde van die Here jou hart van boosheid genees, klim jy van jou troontjie af, laat God se reg geskied! Sy pleit nie vir haarself nie, nog minder vir haar bose man, sy pleit vir Dawid. Sy herinner hom aan die Here se liefde wat hom alreeds deur Samuel as koning laat salf het. Daardie liefde moet ook nou sy optrede beheers.

Dalk staan daar ’n Nabal in jou lewe. Jy haat, verafsku, wil wraak neem. Jy wil die boosheid met boosheid beveg. Jesus kom tree ook vir ons in om ons te herinner aan God se liefde en genade vir jou, en jou oproep om jou hart te vul met die vreugde van God. Hy het alle onreg in Christus saamgepers, sodat jy kan vry word – sodat jy met die vreugde van die Gees in jou hart teenoor alle mense mag leef!

Sing: Psalm 31:17, 19 (1936)

Ds. WGM (Willem) Kotze (Rooihuiskraal)